Die Boodskap van ons Gesk. vir die Hede

191. T. S (41)

[Richmond Eeufees, 29 Okt. 1943]

Inl. Voel verband met Richmond.

3 redes: 1843-1846; selfde mense;

naamgewing.

Mooi ou name

Richmond moeilike naam — spellings.

Oor onderwerp. — ds. Els.

Ons pionier-voorgeslagte.

So moet ons vandag ook raadhou.

Gelukwensing: fees en boek.

I Ons Pad tot hiertoe.

Die volksplanters: V.R.-boerebevolking.

Die Hugenote — S. Afr. het hulle nodig.

Nou 'n lykkolletjie. — Volk uit stryd.

Mat. gebied: wildediere, barbare — speerpunte van beek. Natuurlike toestande. Siektes. — Dinge wat 'n mens ryk maak?

Staatk. gebied: Nasiebewussyn en staatk. regte. Republieke. Gestig met stryd; gehandhaaf met stryd; ondergang met stryd.

Vryh. Oorlog – naamlose ellende, (2
maar Afr. het sy siel behou.
Wonder dat daar armes is?
Kult. gebied: – stryd om homself
te wees en te bly. Inboorlinge,
denas. invloed – veral verengelsing.
Stryd hier moeilikste, maar
voorw. skitterendste.
Ons stryd. Hoe het ons tot hier
gekom? – deur stryd.
Nou 2de groot vraag: wat het
ons in staat gestel?

II <u>Bodemvastheid.</u>
Bet. hiervan.
Eerste grond in eiendom. Vryburg.
Later geslagte. – Wiegies v. kinders . . .
Gevare en beproewings – dis ons eie.
Stryd – dis ons eie.
Voorgeslagte vas aan vaderlands-
grond. – daar moes hulle stryd
voer – spreek vir hulle vanself.
Deel van hul wapenrusting.

III Bybelvastheid.

Ned. kol. & Hug. — tog baie ryk.
So ook met ons volk. — Bybel
in huise. Vgl. ook ontstaan v. Richm.
Opm.: as Afr. hoog gestyg het —
Charl Cilliers; Beyers en De la Rey.
'n Bron v. krag teen alle tye.
Hou hom staande teen heidendom,
waarby Afr. kan ook sê: ....

IV Naastediens.

Waarin is 'n volk groot?
Inspirerende voorbeelde: Hugenote,
boere v. binneland. — vreemdeling.
Voortrekkers in Natal; onlangse insameling.
Hfd onmisbare wapenrusting egter
nie genoeg vasgeklem nie. Hug.
Gideon Joubert. . Man by Hug.-fees is arm blankes. — Sê dit nie
om fout te vind nie. Egter dankbare
herinnering — nie hand met dolk nie.

Slot: Ons het 'n behoefte hieraan.
Sit aan voete van vaders. Stem uit verlede.
Kindskinders en tweede eeufees.

Die Boodskap van ons Geskiedenis vir die Hede. 191. T. 5 (41)

[~~Richmond Eeufees~~, 29 Oct. 1943.]

Inl. Nie self 'n Richmonder nie, maar voel tog 'n verband daarmee. Drie binnelandse dorpe tussen 1843 en 1846: Richmond, Victoria-Wes, Burgersdorp. — die laaste my dorp.
Verband gaan nog verder: dis dieselfde mense, ons binnelandse boeremense, wat aldrie hierdie dorpe gestig het.
Maar verband gaan nog verder — kyk na naamgewing.
Richmond: plaas Driefontein, voorgestelde naam Maitland. Maar Goew. weier. — Gevolg: vernoeming na vader van Maitland se eggenote.
Burgersdorp: plaas Klapfontein, voorgestelde naam Maitland. Maar Goew. weier. — Gevolg: vernoeming na burgers.
Jammer dat die ou name nie gehou is nie, dit wortel in ons eie bodem — iets van ons eie. Klink vir sommige miskien vreemd en minderwaardig, maar dis 'n valse opvatting. Wat omtrent Braamfontein en Bloemfontein? — Mooi egte Afrikaanse name, niks vreemds of minderwaardig nie.
Maar ons word geroepe om vandag by ons Geskiedenis stil te staan. U vra my om u

die boodskap van ~~die~~ ons Gesk. vir die hede te bring.
Dis 'n moeilike ~~taak~~ en gewigtige taak, maar dis my
tog 'n eer en 'n voorreg om dit op hierdie
~~gewigtige tyd~~ betekenisvolle dag in u geskiedenis te doen.
Uit boodskap van ds. Els in Gedenkboek: „Die gemeente
staan by 'n mylpaal. Hier wil ons terugkyk, na
binne kyk en na vore kyk." Sprekende beeld, wat
seer seker vandag, soos miskien nooit tevore nie,
op die gemeente van Richmond van toepassing is.
U leraar het die reisiger in gedagte gehad, wat
'n ~~rusplek~~ ruspunt op sy lang pad bereik" en stilstaan
en nadink. ~~Waar het ek tot hiertoe gekom? Hoe gaan~~
~~ek voor maak? Hoe gaan ek verder?~~
Maar toe ek dit lees, het ons voorgeslagte van
baanbrekers voor my geestesoog opgedoem — hulle
wat langs ongebaande weë die beskawing ons
binnelande ingedra het, gedurende die agtiende
eeu in die Kaapse binneland, gedurende die
negentiende eeu in die verre noordelike binneland.
Die Trekkerboer (met sy huisgesin) na 'n harde dag se trek — moeg
en afgemat dink hy na. Of 'n geselskap

baanbrekers: na 'n swaar stryd hou hulle vaad.
~~Hulle prent~~ Hoe was die pad van tot-hierdie?
~~Hoe slaande sal die volslyf wees?~~
Hoe sal die trek verder gaan?
~~Só was dit met die voorgeslagte in hul alledaagse lewe, maar so was dit ook in hul geestelike lewe.~~
En só moet ons ook vandag raadhou.
Hoe het ons tot hierdie gekom?
Wat het ons in staat gestel om tot hierdie te kom? Laat ons dan met eerbied voor ons geslk. terugkyk, en in stilte na die boodskap van ons gesk. luister

I. Die Pad tot hierdie.

~~Ons gesk. leer ons ons het tot hierdie gekom met stryd~~
Die volksplanters — Van R. met sy handjievol metgeselle aan die suidelike uithoek van 'n donker kontinent; 'n klein, baie klein, ligstippeltjie op die rand van 'n oorweldigende, swart barbarendom.
Siekte, hongersnood — hulle het die pad van stryd betree. Maar hulle het nie toe opgegooi nie, hulle getalle het stadigaan aangegroei,

hulle het hulle permanent op die land gevestig, 'n boerebevolking het hier ontstaan.
Die Hugenote – mense wat 'n stryd kon stry. In hul moederland is hulle onderdruk en vervolg; uit hul moederland is hulle verdring ~~uitgejaag~~ en verjaag – daarom kom hulle in S.-Afr. aan – die meeste het nie klere om hulle te klee nie en voedsel om hulle te voed nie. Maar hulle was mense wat 'n stryd kon stry en S. Afr. het hulle nodig gehad – daardie Ligstippeltjie het 'n bietjie groter geword – darem 'n kolletjie op die donker kaart van Afrika.
Só is ons volk gevorm: gebore uit stryd, en geroepe tot stryd. Dwarsdeur sy geskiedenis tot vandag toe moes hy die stryd voer op op al die gebiede van die lewe:
Op mat. gebied. Vanuit ons Boland het ons voorouers as pioniers vooruitgegaan en Suid-Afrika bewoonbaar gemaak. Dis hulle wat stryd teen wildediere aangeknoop het, en die land vir beskaafde mense bewoonbaar gemaak het.

wat stryd teen woeste, heidense barbare moes voer om die land vir blankes veilig te maak. Oral sien ons dit: oosgrensgebiede (Kosas), Natal (Soeloes), Transvaal (Matabeles) en O.V.S. (Basoetoes). Oral was hulle die speerpunte van die beskawing in 'n donker, vyandige binneland. Ook stryd teen die onbekende natuurlike toestande van die binneland: sonskyn en koue; droogte en oorstromings; hael. Ook stryd teen onbekende siektes vir mens en dier. Groot skades vanweë veesiektes — bv. tsetsevlieg. Dit alles toon die stryd op ekon. gebied. — En dis nie dinge wat 'n mens ryk maak nie.

Op Staatk. gebied. Ons volk het hom vroeg homself bewus geword. En toe hy nasiebewus geword het, het hy gesoek na dit wat enige selfrespekterende nasie pas, nl. ~~politieke onafhanklikheid~~ staatkundige regte. Dit sien ons reeds ~~in 1795 toe~~ baie vroeg in ons gesk. toe die burgers vir 'n aandeel aan hul bestuur ~~gevra~~ stry. Verder veral toe die burgers van Gr.-Rt. en Swell. met stryd hul

die republieke van 'n onsimpatieke regering afgedwing het. Daarna het die Trek gekom en ~~het~~ is die Boererepublieke in die noorde met stryd gestig: in Natal, Vrystaat en Transvaal. Met stryd en inspanning is die Boererepublieke 'n tydlank staande gehou, en met stryd, ja 'n kolossale wanhoopstryd, het die laaste republieke ver ondergegaan. Die Vryheidsoorlog van 1899-1902 was die groot staatkundige toets van die Afrikaanse volk. Naamlose ellende het daarna gekom, maar, die Here sy dank, die Afrikaner het sy siel behou. Neem 'n mens hierdie stryd in ~~Maar ook Kult. gebied~~ aanmerking, dan verbaas jy jou daaroor dat die Afrikanervolk homself gehandhaaf het. Dis nie 'n wonder dat daar 'n paar honderdduisend arm Afrikaners is nie; dis 'n Godswonder dat ons nie almal ondergegaan het nie.

Maar ook op Kult. Gebied, m.a.w. die stryd van die Afrikaner om homself te wees en te bly. Woon in onmiddellike nabyheid en in aanraking

met inboorlinge wat miljoene tel. Moet hom teen hulle handhaaf en moet gedurig met ~~deur teen~~ sy beperkte middele stry teen verval tot hulle peil. ~~[illegible]~~ Ook stryd teen die denas. invloede van buiteland. verval van beleid van verengelsing. Houding van Br. owerheid vir byna 150 jaar — 'n berekende beleid om Afr. te verengels. — die howe, die onderwys, die plaaslike besture. Selfs deur Kerk. Maar ook hier het ons voorgeslagte die stryd aangedurf, en juis hier, waar dit die moeilikste was, het hulle die skitterendste geseëvier.

Voorwaar, as ons na die pad van ons volk tot vandag kyk, dan sien ons dit was 'n ~~deur stryd het ons hier gekom~~, pad van stryd, — stryd op alle gebiede. stryd om die bebound. ~~Só is ons volk gevorm.~~ Maar die stryd was nie ~~gebore uit~~ vernietig nie. Ons ~~[illegible]~~ volk het behoue gebly, hy het oorwin.

Hoe het ons tot hiertoe gekom? Deur stryd. Nou die tweede groot vraag: wat het ons in staat gestel om tot hiertoe te

kom? Maar wat het ons in staat gestel om die groot stryd te stry en te oorwin?

II Bodemvastheid.

Enige volk, wat met ware vaderlandsliefde besiel is, het liefde vir vaderlandsgrond. Groot betekenis hiervan — histories. Gee 'n volk 'n vat op sy land. — help 'n volk om homself op eie bodem te handhaaf. Ook in ons gesk. 'n baie belangrike punt.

Eerste grond in eiendom uitgegee — Vryburgers — moet daarop bly, moet daarvan leef.

So ook later boeregeslagte — 'n man is selfstandig, en 'n man geniet aansien nie as hy ryk aan goedere is nie, maar as hy sy eie grond het. Jong seuns wat in ouerlike huis opgroei — streef daarna om eie plaas te hê. — Afrikaner geheg aan grond. Wiegie van sy kinders; sweet van sy aangesig; bloed van sy hart; laaste rusplek. In die verlede was dit oral met ons volk so.

Dit het ons onafskeidelik aan die grond van ons vaderland gebind. Watter gevare vaderlandsgrond

wat ons gehad het, dit was ons eie. Watter stryd en beproewings dit wat ons meegebring het, dit was ons eie. En omdat ons voorgeslagte vas was aan vaderlandsgrond, het dit vir hulle eenvoudig vanself gespreek dat hulle die stryd dáár moes voer, wat die stryd ook al van hulle geverg het. Hulle het dit nie uitgeredeneer nie, hulle het dit eenvoudig instinkmatig gevoel, hulle kon nie anders nie. Maar ek dink ons voel dit: dis hierdie bodemvastheid wat deel van hul wapenrusting in die stryd was; daarsonder sou hulle nie staande gebly het nie.

III Bybelvastheid.

Ou Nederlandse kolonisté — Calviniste — Bybelrykgemaak. Hugenote — ook Calviniste. Kom brandarm hier aan, maar tog baie ryk want hul kosbaarste besitting kan hul nie beroof word nie. Trouens dis terwille van die Bybel en die sekere waarhede daarvan dat hulle hierheen gekom het.

Só was dit met die stigters van ons volk, en só was dit in die verlede ook met ons volk

self. Bybel het sy plek in elke huis, gebruik soggens en saands. Rekordboek van huwelike en leerboek vir kinders. Ons vaders het daar krag uit geput. Ook ontstaan van Richmond bewys dit: ontstaan nie as kruispunt van die weë, of as handelsentrum nie, maar as kerkplek. —

~~Opmerking: Afr. wat hoog gestyg het, was Bybelvas. Ook —~~
Opmerking: wanneer Afr. die vierhewenste hoogte bereik het, het dit in verband met die Bybel gestaan. Sarel Cilliers op Wenkommando: Rigters I, 1-24, veral 1-4 en 17-19. Beyers en De la Rey II Kron. 32,1-8, veral 7-8.

Treffende bewyse van Afr. se Bybelvastheid. — 'n Boek van troos vir alle tye: in sonskyn en in reën, in vreugde en in ~~[illegible]~~ droefheid, ja, by daglewe en aandstemming. Dit was sy rigsnoer in die lewe. Dit het hom staande gehou, bewaar teen verval tot die heidendom. Waarlik hy kon ook sê: die Here is hom 'n wolkkolom in die dag, 'n vuurkolom in die nag; die Here gee manna uit die blou hemel en water uit die steenrots.

## IV Naastediens:

Waarin is 'n volk groot?

Sonder naastediens kan geen volk ~~voortbestaan~~ groot wees nie.

Volke bereik hul hoogste prestasies wanneer hulle met 'n ware naastediens besiel is.

Ook in ons volk se geskiedenis inspirerende voorbeelde van naastediens. Ontvangs van die Hugenote aan die Kaap. Boere van die Kaapse binneland — veral die vreemdeling. Voortrekkers na Groot Moord in Natal. — En onlangse insameling vir geteisterdes in Klein Karoo.

Maar ons moet tot ons spyt ook erken dat ons volk hierdie onmiskenbare openbaring van naastediens in die verlede nog nie genoeg vasgeklem en gebruik het nie. Wrywing tussen Holl. kolonisté en Hugenote. Gideon Joubert en Voortrekkers. — Sê dit nie om fout te vind nie, maar sê dit in 'n diepe besef van die verborge behoeftes van ons volk. As ons ons gesk. lees, moet ons hom reg lees. Ons sien die kwaad wat daar van egte

naastediens uitgaan, maar ons nie ook die ver-woestende gevolge van twis en tweedrag en afguns. Terwyl ons dit erken, dink ons egter in dankbare herinnering terug aan sovele van ons vaders en moeders wat tot mekaar se diens bereid was en wat as ware Afrikaners mekaar in die krisisure die hand gereik het; — nie die hand wat 'n dolk vasklem het nie, maar die hand van vriendskap, die hand wat geloof ~~hand~~ het in tye van ~~gegaan het [illegible]~~ vermoeienis en uitputting, die hand wat met begrip en meegevoel 'n traan van droefheid afgedroog het.

<u>Slot</u>: <u>Die boodskap</u>: Baie ander dinge spreek tot ons uit ons gesk. maar veral dit: bodemvastheid, Bybelvastheid en naastediens. Ons het vandag 'n behoefte hieraan: ~~[illegible]~~ erwe v. ons vaders is nie meer erwe v. ons kinders nie — trek na die stede, ons kan dit nie keer nie, maar ons moet Afrikaners van die stede vir ons volk behou. Afrikaners raak los v. d. Bybel, en beskou dit as uitgedien. Afr. wat ~~sy~~ die inhoud v. sy Bybel losraak is vir

ons volk verlore. Waarom? En nie naastediens is daar in ons wêreld v. selfsug en materialisme al hoe minder plek. — en dit juis waar ons gees. so kragtig nie ons die noodsaaklikheid van naastediens beklemtoon.

Ons span ons vandag so in om wysheid op verskillende ~~saak~~ gebiede te soek. Ons gaan studeer aan allerhande inrigtings, ons besoek ander lande, ons gaan sit aan die voete van groot geleerdes. Ons regsgeleerdes diep regsgeleerdes uit vroeë eeue op, ~~en musiek bestudeer gaan op na~~ en ons kunstenaars gaan terug na Griekse en Romeinse kunstenaars ~~wat~~ 2000 jaar gelede ~~kultuur gebied uit die [illegible] [illegible]~~ geleef het — ~~hulle~~ uit weer skulle voete. Oral soek ons na wysheid en waarheid; ons is ontevrede met ons eie lewe, ons soek na wysheid om dit beter te maak. Dis goed dat dit so is, en dis reg ~~Gaan te~~ ook dat ons probeer om te herwin.

Maar gaan ons nie te ver nie? Waarom staan ons nie 'n bietjie stil nie; sonder vet in oomblikkie of in die gewoel en gejaagdheid

van ons alledaagse lewe, en luister met ontvanklike harte na die klinkklare geluide van ons eie geskiedenis. Afrikaners van Richmond, dit pas u om vandag te luister: luister na die boodskap van u geskiedenis, dan luister u na wat u eie is. En as u dit in eenvoud en opregtheid doen, dan sal ~~die~~ 'n stem uit die verlede tot u kom: staan met albei voete onwrikbaar vas op die ~~albei voete op~~ vaderlandsgrond; druk Godswoord aan u hart en leef dit uit; steek u hand en help waar ~~opregte~~ hulp so nodig is. As u dit doen, dan het u die boodskap van ons geskiedenis gehoor ~~en uit~~ ~~op die dag~~ in der waarheid ~~gehoor en~~ toegepas. En, wees versekerd, dan sal u kindskinders (in dankbaarheid eendag) 'n geseënde twede eeufees kan vier.